NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

22 Januarie 2021: Nr 01/2021

2021

Uit die pen van die Assessor

"Ons is kerkmense!" sê sy driftig toe ek haar versigtig uitvra oor hulle betrokkenheid by die gemeente. Sy bedoel eintlik iets soos "Ons is ordentlik en gekultiveerd", want van kerkwees verstaan sy nie veel nie. Daar is in die teologie baie ingewikkelde definisies van wat die kerk is of behoort te wees. Die eenvoudigste en waarskynlik die mees betekenisvolle omskrywing het ek baie jare gelede in een van prof Willie Jonker se boeke gelees. Hy het die kerk beskryf as "mense rondom Jesus". Ons Afrikaanse woord "kerk" (Engels 'church', Duits 'Kirche') hou verband met die Griekse woord 'kirkós' en die Latynse woord' 'circa', wat rond of sirkel beteken. Dit is die prentjie wat in ons kop moet wees wanneer ons oor die kerk dink. 'n Kring mense wat met warm harte aan mekaar verbind is en op Jesus fokus.

Hierdie is nie nou die tyd vir raas en stry nie. Dit is nie die tyd vir slim probeer wees nie. Mense is broos en kwesbaar. Die virus en sy tentakels het ons baie seergemaak en nog is dit het einde niet. Verlede jaar en die eerste paar weke van hierdie jaar maak dat ons nerwe dun is. Dit is nou eerder die tyd vir sag met mekaar wees. Dit is die tyd vir woorde wat bou eerder as breek. Tyd vir luister en hand uitsteek om te help. Ons is kerkmense. Sirkel mense. Mense rondom Jesus. Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus (Gal 6) Kom ons leef met deernis. Dit is wat kerkmense (volgelinge van Jesus) doen.

Geseënde 2021 vir julle!

James Kirkpatrick

Warm nuus

❖ Aangepaste Vlak 3 maatreëls

Begrafnisse is beperk tot 50 mense wat elkeen 1,5 meter van mekaar moet sit. Die byeenkoms mag nie langer as twee ure wees nie. Geen tee na die diens nie! [Sien Artikel 35(3)].
GEEN **eredienste** of ander geloofsgebaseerde byeenkomste nie [Sien Artikel 36(3)].
Huwelike: Aangesien geloofsgebaseerde en alle sosiale byeenkomste onwettig is, moet aanvaar word dat trouseremonies (egpaar en gaste) onwettig is. Daar is takke van die Departement van Binnelandse Sake wat aandui dat huweliksbevestigers wel 'n huwelik kan voltrek. Slegs die huweliksbevestiger, die egpaar en twee getuies mag egter teenwoordig wees. Die huwelik sal eers later geregistreer kan word, aangesien die registrasie van huwelike by die Departement tans opgeskort is. Sien berig in Netwerk24 van 14 Januarie 2021 **hier**.
LET WEL: Huweliksbevestigers word ten sterkste aangeraai om by hulle plaaslike tak van die Departement van Binnelandse Sake (daar waar hulle lêer is) seker te maak van die spesifieke tak se interpretasie van die regulasies.
Vir meer inligting en relevante weergawes van die Staatskoerant, klik **hier**.
[Met dank oorgeneem uit die Nuusflits: NG Kerk Wes-Kaapland]

❖ Post-Covid19

Die SDR het besluit om 'n taakspan aan te wys om te besin oor *KERKWEES POST-COVID19.* Indien jy belangstel om deel te wees van dié taakspan kan jy vir **Fay van Eeden** [taakspanleier] kontak by 083 478 0854, faycve@gmail.com. Jy kan ook vir **Paul Grobler** (direkteur) kontak by 082 6535734, paul@noordsin.co.za.

Sinodenuus

- **Tekslees met 'n verskil**
  Kontak vir **Fanie Cronjé** (083 415 1452) vir die week se inligting.

Kollega- en ander personeelnuus

- **Innige simpatie**

  Petrus Kriel [Levubu] se broer is onlangs oorlede. Hy was 'n lidmaat van Waterberg.

- **Beroepe/Bevestigings/Emeritaat**

Marietjie Bergh (proponent) is in 'n termynpos na **Riviera-Jakaranda** beroep.	**Christo Janse van Vuuren** [Sesmylspruit] het aan die einde van Desember 2020 geëmeriteer. Hulle bly steeds in Pretoria en sy afskeidsdiens sal later plaasvind.	**Zelda Massyn** [Rustenburg] se man Lamont het 'n nuwe werk aanvaar. Hulle het reeds na Hartbeespoort verhuis. Sy gaan egter nog vir 'n tyd lank by Moedergemeente betrokke bly.

- **Covid19**

  Ons is van die volgende bewus:
  Kobus Myburgh [Fakulteit Teologie] was ernstig siek. Hy is tuis versorg en tans besig om aan te sterk.
  Leon van Heerden [emeritus] is baie ernstig siek in die hospitaal.

- **Verjaarsdagwense**

  Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:
  25/01 Matie Horn [Pietersburg-Moeder, 083 271 5259, matiehorn@webmail.co.za]
  Abraham Viviers [Waterberg, 083 232 2445, aviviers@telkomsa.net]
  27/01 Lizette van Rooyen [Magalieskruin, 084 690 1971, lizvanrooyen@gmail.com]
  26/01 David van den Berg [Emeritus, 083 775 3325, dvdb@gcs.co.za]
  28/01 Werner Nel [DRC Zambia (Lusaka, 00260 96 070 6030 (Whatsapp), werner@dutchreformed.church]
  29/01 Paul du Plessis [Emeritus, 083 446 9426, pauldupl@gmail.com]

  24/01 Zanné Randall [Overkruin, 072 207 8350, corne@ngoverkruin.org.za]
  26/01 Roelof van Rooyen [Magalieskruin, 084 690 1971, lizvanrooyen@gmail.com]
  27/01 Nerene Grobler [Universiteitsoord, 082 374 2817, paul@noordsin.co.za]
  30/01 Hannatjie J van Vuuren [Emeritus, 012-654 6282, christovvu@gmail.com]

Gemeentenuus

- **Verjaarsdae: Baie geluk!**

  Hartbeespoort 26/01/1973
  Jan Niemandpark 28/01/1980

Ander nuus

- **Bybel-Media**

Woord en Fees 2020-2021

Woord en Fees – Advent 2020 tot Koninkrykstyd 2021 – is 'n hulpmiddel vir die voorbereiding van eredienste en die ontwikkeling van preke. Dit volg die seisoene van die kerkjaar en maak vanjaar gebruik van die teksrooster Revised Common Lectionary, Jaar B.
Die liturgiese voorstelle bied riglyne wat die gebruiker sal help om weeklikse eredienste makliker voor te berei. Vir elke seisoen van die kerkjaar is daar 'n basisliturgie wat as raamwerk vir die hele seisoen dien. Die preekstudies sluit aan by die gereformeerde tradisie, maar ook by die breër ekumeniese tradisie. [Kliek hier vir volledige inligting.]

❖ Christelike Lektuurfonds (CLF)

Kliek hier om die Januarie 2021 nuusbrief af te laai.
Die Afrikaanse en Engelse Week van Gebed 2021 is op CLF se webtuiste beskikbaar onder Resources/Toolkit for ministry – https://clf.co.za/resource-toolkit/. Dr Liena Hoffman benut CLF se Week van Gebed riglyne en inspireer haar Australiese Gemeente om toerustingsvideo's te maak wat by die riglyne aansluit. Kliek hier vir die videos.
Die **CLF webtuiste** (www.clf.co.za) is verbeter met nog meer gratis hulpbronne om jou, kerke, bedieninge en gemeenskappe met Christelike inhoud te ondersteun, toe te rus en van inligting te bedien.

❖ Vakatures

Vakature by Huis Piek

Huis Piek Tuiste in New Muckleneuk, Pretoria, benodig **dringend** 'n **voedseldiensbestuurder / spysenier** vir die voltydse voedseldiensbestuur en voedselvoorbereiding van al die funksies en werksaamhede van die tuiste met die oog op die doelmatige versorging van die inwoners en huurders.Toepaslike ondervinding is 'n vereiste. Aanstelling nie later as ***1 April 2021***. Die pos sluit huisvesting in as 'n opsie.
Vir navrae en stuur van CV: Kontak Adrie van Deventer (adrie3@mweb.co.za).

Kerkbode: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif